# 2022

# MEDIUMTERMYN-BEGROTINGSBELEIDSVERKLARING

**Enoch Godongwana**

**Minister van Finansies**

## TOESPRAAK

## 26 Oktober 2022

Agbare Speaker;
U Eksellensie president Cyril Ramaphosa;
U Eksellensie Adjunkpresident David Mabuza;
Kabinetskollegas;
Lede van Uitvoerende Rade vir Finansies;
Agbare lede;
Die President van die Reserwebank;
Die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens;
Mede-Suid-Afrikaners:

Ek het die eer om die volgende dokumente in hierdie Huis ter tafel te lê:

- Die Wetsontwerp op die Verdeling van Inkomste, 2022;
- Die Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp, 2022;
- Spesiale Begrotingswetsontwerp;
- Die “Rates and Monetary Amounts and Amendment of Revenue Laws Bill,” 2022;
- Die Wysigingswet op Belastingwette, 2022;
- Die Wysigingswetsontwerp op die Wette op die Administrasie van Belasting, 2022;
- Die Hersiene Fiskale Raamwerk;
- Die Aangepaste Ramings van die Nasionale Uitgawe, 2022; en
- Die Mediumtermyn-begrotingsbeleidsverklaring, 2022.

## Inleiding

Agbare Speaker, die strategiese doelwit van hierdie regering is om armoede, ongelykheid en werkloosheid te verminder in die nastrewing van ʼn beter lewe vir almal.

Dit was oudpresident Nelson Mandela wat ons daaraan herinner het dat demokrasie min om die lyf sal hê en trouens van korte duur sal wees as ons nie ons sosioëkonomiese probleme oplos in ʼn opbloeiende en groeiende ekonomie nie.

Suid-Afrika se ekonomie onderpresteer reeds etlike jare lank.

Verskeie langdurige strukturele struikelblokke belemmer steeds groei. Dit sluit in:

- onbetroubare elektrisiteitsvoorsiening,
- ʼn duur en ondoeltreffende hawens-en-spoornetwerk,
- misdaad en korrupsie,
- swak staatsvermoë, en
- hoë vlakke van markkonsentrasie en hindernisse in die weg van toetrede belemmer die ontstaan en groei van kleinsakeondernemings.

Hierdie faktore ondermyn ons pogings om werk te skep en dra by tot hoë vlakke van armoede en ongelykheid.

Ons strukturele uitdagings is deur nuwes vererger, insluitende die wêreldwye ekonomiese verlangsaming, hoë energie- en voedselpryse, en die skade veroorsaak deur natuurrampe, soos die onlangse vloede.

Die mediumtermyn-begrotingsbeleidsverklaring 2022 wil die behoeftes van Suid-Afrikaners aanpak en stabiliteit en welvaart in die toekoms verseker.

Dit maak voorsiening vir bestedingsaanpassings sodat voortgegaan kan word om lewens en infrastruktuur te herbou ná die verwoestende vloede vroeër vanjaar.

Dit herstel fiskale sterkte en herbou die fiskale ruimte ondanks die ongunstige ekonomiese agtergrond.

Dit verbeter die gehalte van openbare dienste, soos onderwys en gesondheid.

Dit verleen ook prioriteit aan die veiligheid en sekuriteit van ons mense en investeer in toekomstige groei deur befondsing vir kritieke infrastruktuur.

## Ekonomiese vooruitsigte

Agbare Speaker, ek gee vervolgens aandag aan die ekonomiese vooruitsigte.

Talle van die risiko's wat ons in die Begrotingstoespraak in Februarie 2022 geskets het, het gerealiseer.

Wêreldwyd het dit ingesluit stygende inflasie, strammer finansiële toestande en die voortslepende uitwerking van COVID-19, met inbegrip van strenger inperkingsmaatreëls in China en die uitwerking daarvan op globale vraag-en-aanbodkettings. Dit is vererger deur die uitbreek van die konflik tussen Rusland en Oekraïne.

Die IMF se wêreldgroeivooruitskatting vir 2022 is afwaarts aangepas: van 4,4 persent tot 3,2 persent, en die raming vir 2023 van 3,8 persent tot 2,7 persent.

Dit beteken dat die wêreldgemeenskap óns groei minder sal ondersteun as wat ons verwagting ten tyde van die Begroting was.

Daar is talle risiko's in die vooruitsigte aanwesig, veral 'n verdere verlangsaming van globale groei en hoër inflasie indien die Russies-Oekraïense oorlog verhewig.

Daar is ook 'n moontlikheid van energierantsoenering in Europa, wat energiepryse en -uitset wêreldwyd sal affekteer.

'n Verdere afname in China se ekonomiese groei kan wêreldvraag verlangsaam en verdere druk op voorsieningskettings plaas, terwyl die verskerping van monetêre beleid globale uitset nog verder kan verlangsaam.

Hierdie risiko's is beduidend in die wêreldomgewing.

In hierdie konteks moet klein oop ekonomieë soos ons s'n besonder versigtig wees en stewige fiskale buffers ingebou hê om heelhuids deur die komende storm te kom.

Binnelands is die stewige pas van ekonomiese herstel vroeg in 2022 in verskillende dele van die land deur vloede ontwrig, veral in KwaZulu-Natal en die Oos-Kaap, nywerheidsoptrede in sleutelsektore, en wydverspreide kragonderbrekings.

Tans verwag ons reële BBP-groei van 1,9 persent in 2022, vergeleke met 'n raming van 2,1 persent in Februarie.

Die ekonomie sal na verwagting in die volgende drie jaar teen gemiddeld 1,6 persent sal groei.

Hierdie groeipeil is te laag om ons ontwikkelingsdoelwitte te ondersteun. Ons moet derhalwe stappe doen om ons ekonomie op 'n trajek van hoër groei te plaas.

## Om 'n inklusiewe ekonomie te laat groei

Ons benadering tot groei berus op 'n duidelike en stabiele makroëkonomiese raamwerk, aangevul deur strukturele hervormings wat mededingendheid verbeter, nywerheidsbeleid wat vervaardiging verhoog en maatreëls wat die staat se vermoë versterk.

Sleutelelemente van ons makroëkonomiese raamwerk is ŉ stabiele en buigsame wisselkoers, lae en stabiele inflasie, en ŉ volhoubare fiskale beleid.

Sedert die Begroting in Februarie het ons die toepassing van strukturele hervormings versnel ten einde stremmende beperkinge op ekonomiese groei die hoof te bied en investering en werkskepping te ondersteun.

Agbare Speaker, die intensiteit van beurtkrag het ŉ rampspoedige uitwerking op ons ekonomie.

Ons het ons dus toegespits op hervormings in die elektrisiteitsektor.

Verskeie beleids- en regulatoriese veranderinge wat die daarstelling van ŉ mededingende energiemark ten doel het, word tans ook ingevoer.

Dit sluit in die afskaffing van die lisensiëringsdrempel vir ingebeddekragopwekkingsprojekte, waarvan daar nou reeds 100 projekte is en wat ŉ vermoë van meer as 9 000 MW verteenwoordig.

Die "Electricity Regulation Amendment Bill" is afgehandel. Dit maak voorsiening vir die instelling van ŉ onafhanklike transmissie-en-stelseloperateur, wat die elektrisiteitsektor fundamenteel sal transformeer.

Deur Suid-Afrika se afhanklikheid van ŉ enkele monopolie-nutsmaatskappy te verminder en grootskaalse nuwe private investering in ontwikkelingsvermoë te ontsluit, sal ŉ beduidende bydrae tot langtermynenergiesekerheid gemaak word.

Agbare Speaker, daar is ŉ krisis in ons logistieksektor.

Ondoeltreffendhede by die spoorweë en hawens kos die ekonomie miljarde rande en ondergrawe ons pogings om groter groei te bewerkstellig, nog meer.

Ons verwelkom die beëindiging van die Transnet-staking en werk met die Transnet-leierskap en alle belanghebbendes saam om die uitdagings in die sektor dringend die hoof te bied.

Verskeie stappe word gedoen om groter mededingendheid en doeltreffendheid in die spoorweë en hawens te bewerkstellig.

Die Nasionale Vergadering het die "Economic Regulation of Transport Bill" aangeneem.

Dit sal ŉ onafhanklike vervoerreguleerder instel wat groter mededinging sal aanmoedig en gereguleerde toegang tot die netwerk moontlik sal maak.

Daarbenewens is versoeke om voorstelle gerig in verband met die vragspoornetwerk en privaatsektorvennootskappe vir die vraghouereindpunte by Durban se Kaai 2 en by Ngqura.

In telekommunikasie is die veiling van hoëwaarde-breëbandspektrum afgehandel. Die volgende stap is om die digitale migrasie te voltooi sodat daardie frekwensies vrygestel kan word.

Die Minister van Kommunikasie en Digitale Tegnologieë sal binnekort ŉ nuwe datum aankondig

waarop die analoogseine afgeskakel sal word.

In die watersektor het ons die agterstand in watergebruikslisensies weggewerk.

Die proses om deur middel van die “National Water Resources Infrastructure Agency Bill” ’n waterreguleerder in te stel verloop volgens plan.

Die agentskap sal doeltreffende bestuur van grootmaatwaterinfrastruktuur moontlik maak en investering deur die privaat sektor vergemaklik.

Die evaluering van die visumstelsel is afgehandel en aanbevelings is gedoen om die nodige vaardighede en investering te lok.

Agbare Lede, hierdie hervormings maak nie die geheel van ons hervormingsagenda uit nie. Daar kan en moet nog meer gedoen word om die dinamiek van ons ekonomie te ontsluit. Hiervoor is ’n bekwame ontwikkelingstaat van kardinale belang.

## Versterking van staatsbekwaamheid

Agbare Speaker, ’n sterk en bekwame staat is ’n voorvereiste vir groei.

Die staat is daarvoor verantwoordelik om ’n instaatstellende omgewing vir groei en investering te skep en in stand te hou, en moet basiese dienste lewer en die oppergesag van die reg bevorder.

Ten einde dit doeltreffend te doen moet die staat responsief teenoor samelewingsbehoeftes wees, en tussenkomste deur instellings wat verantwoordingspligtig en bekwaam is, prioriseer, orden en koördineer.

## Investering in infrastruktuur om groei te bevorder

Hefboomfinansiering van vaste investerings is kritiek vir die bereiking van volhoubare en inklusiewe groei. Dit ondersteun ekonomiese herstel, vergroot die ekonomiese potensiaal en skep werksgeleenthede.

Ons het gesien dat bruto vastekapitaalvorming tussen 2016 en 2020 vanaf ’n piek van R796 miljard in 2015 met gemiddeld 4,4% per jaar ingekrimp het.

Die inkrimping het op ’n breë grondslag voorgekom. Investering deur die privaat sektor, wat vir bykans twee derdes van die totale vaste investering verantwoordelik is, sowel as die openbare sektor het afgeneem.

Ons streef daarna om hierdie tendense om te keer deur hindernisse in die weg van investering aan te pak.

In die privaat sektor word beleidsonsekerheid, beperkinge op die gemak waarmee sake gedoen

kan word, en die hoë koste van sake doen genoem as sleutelhindernisse vir investering.

Ons duidelike en stabiele makroëkonomiese raamwerk, vordering met strukturele hervorming en steun vir die instaatstellers van groei sal baie help om hindernisse vir investering uit die weg te ruim.

Dit sal ook vertroue vergroot en ŉ instaatstellende omgewing skep vir die privaat sektor om te investeer.

Wat investerings deur die openbare sektor betref, speel ondernemings in staatsbesit ŉ belangrike rol in die verskaffing van kritieke ekonomiese goedere en dienste in die ekonomie.

Dit is van kritieke belang dat die belemmerings aan die aanbodkant, veral in die energie- en die vervoersektor, uit die weg geruim word sodat hoër en volhoubare ekonomiese groei ondersteun kan word.

Begrotingstoewysings vir infrastruktuur in die algemene owerheidsektor word verhoog om die stelselmatige erodering van die begrotingsbasis teen te werk.

Op die mediumtermyn sal die gekonsolideerde staatsbesteding aan die oprigting van nuwe en die rehabilitasie van bestaande infrastruktuur toeneem van R66,7 miljard in 2022/23 tot R112,5 miljard in 2025/26. Dit sluit paaie, brûe, stormwaterstelsels en openbare geboue in.

Dit maak besteding aan kapitaalbates die snels groeiende item volgens ekonomiese klassifikasie.

Deur investerings deur die openbare sektor na behore te laat presteer, sal ons private investering lok, openbare dienslewering verbeter en agterstande wegwerk, en so ŉ positiewe siklus van groter investering, groei en werkverskaffingspotensiaal aan die gang sit.

Ons is ook verbind tot die verbetering van staatsbekwaamheid, projekbeplanning en -voorbereiding, verkrygingspraktyke en kontrakbestuur.

Dit sal ook chroniese onderbesteding van toegewese infrastruktuurbegrotings teenwerk, waarde vir geld verbeter en die doelmatigheid van ons investerings verhoog.

## Versagting van en aanpassing by klimaatsverandering

Agbare Speaker, klimaatsverandering is besig om die wêreld om ons te omvorm, met inbegrip van die ekonomiese konteks.

Dit stel ons mense, infrastruktuur, die omgewing en produksie, ook van kritieke goedere soos voedsel, fisies in gevaar.

Die wêreld se reaksie op die klimaat moet gekoördineer word.

Wat ons betref, is ons besig om onderhandelinge af te handel oor die beloftes van die International Partner Group for the Just Energy Transition.

Daarbenewens is die investeringsplan wat ons energieoorgang ondersteun, onlangs deur die Kabinet bekragtig.

Ons sal die nodige stappe doen om seker te maak dat ons oorgang regverdig is.

## Die fiskale vooruitsig

Agbare Speaker, wanneer staatsfinansies onder skuld gebuk gaan, word dit baie moeilik om ontwikkelingsdoelwitte te bereik.

Die Suid-Afrikaanse regering lê reeds vir bykans 15 jaar al hoe groter tekorte ter tafel.

Gevolglik is die vooruitskatting dat staatskuld in die huidige finansiële jaar meer as R4,7 duisend miljard sal beloop, vergeleke met R627 miljard in 2008/09.

Hierdie skuld dra skulddienskoste wat gemiddeld R355,2 miljard per jaar op die mediumtermyn-bestedingsraamwerk sal beloop.

Soos reeds gesê, is die wêreldekonomie aan die verlangsaam, is inflasie aan die styg en word finansiële markte ongestadig.

Die gevolg is dat die skulddienskoste in 2022/23 na raming R5,9 miljard meer sal wees was wat ons ten tyde van die Februarie-begroting gemeen het.

Bowendien is die moontlikheid van ŉ groot prysregstelling in finansiële markte ŉ beduidende gevaar wat die fiskale inkomste vorentoe sal raak.

Om dié rede moet die mediumtermynstrategie ŉ verstandige benadering tot fiskale beleid wees.

Ons moet ons skuldlas en die skulddienskoste verminder deur ons jaarlikse tekorte te verminder. Dit sal die openbare finansies stabiliseer en die fiskale risiko's verminder.

Agbare lede, ons maak in hierdie verband vordering. ŉ Gekonsolideerde fiskale tekort van 4,9 persent van die BBP word vir 2022/23 verwag.

Dit sal teen 2025/26 tot 3,2 persent van die BBP afneem. ŉ Primêre fiskale surplus van 0,7 persent van die BBP sal in 2023/24 behaal word. Dit is een jaar vroeër as die projeksie in die mediumtermyn-begrotingsbeleidsverklaring van 2021.

Ons verwag nou ook dat bruto staatskuld in 2022/23 op 71,4 persent van die BBP sal stabiliseer – twee jaar vroeër en op ŉ laer vlak as die projeksie in die 2022-begrotingsoorsig.

Dit beteken onder meer dat ons voorstel dat geen begrotingsverminderings in die 2023-begroting aangebring word nie. Trouens, gekonsolideerde staatsbesteding sal hierdie jaar R2,2 duisend miljard oorskry en tot R2,5 duisend miljard in 2025/26 styg.

Wat inkomste betref, het belastinginvordering die vooruitskattings oorskry, en die beraming van bruto belastinginkomste vir 2022/23 is met R83,5 miljard opwaarts aangepas tot R1,68 duisend miljard.

Die hoër beraming kan grotendeels toegeskryf word aan verbeterings in die invordering van korporatiewe inkomstebelasting, met goeie ontvangstes uit die finansiële en die vervaardigingsektor.

Die beramings van beter as verwagte belastinginvordering – ook op die mediumtermyn – het die regering in staat gestel om die tekort te verklein en dralende en nuwe risiko's te temper.

Insgelyks laat dit ons toe om die kernbegrotings van departemente wat kardinaal vir die lewering van dienste is, geleidelik te herstel sonder om ons op onbekostigbare wyse permanent te verbind.

'n Gedeelte van die hoër as verwagte inkomste sal soos volg aangewend word:

- Om die tekort in die huidige finansiële jaar en oor die mediumtermyn-bestedingsraamwerk te verminder;
- Om byvoegings te maak by bestaande infrastruktuurprojekte en kritieke openbare dienste soos onderwys, gesondheid en polisiëring;
- Om fiskale risiko's wat in Februarie geïdentifiseer is, die hoof te bied, welke risiko's insluit hoër as verwagte skulddienskoste, die staatsdiensloonrekening, en die realisering van finansiële risiko's by party maatskappye in staatsbesit.

As enige van die fiskale risiko's realiseer, kan dit die fiskale posisie negatief raak, soos ook die regering se pogings om openbare finansies te stabiliseer.

## Bestedingsaansuiwerings in die loop van die jaar

Agbare Speaker, ons wys in die Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp R13 miljard netto toe vir bestedingsaansuiwerings in die finansiële jaar 2022/23.

Die grootste aansuiwering – R6,3 miljard, of 49 persent van die totaal – word toegewys vir rampleniging, veral vir die vloede in April in verskeie dele van die land.

Ander aansuiwerings in die Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp sluit in:

- R389 miljoen vir 24 landelike brûe deur middel van die Welisizwe Rural Bridges-program;
- R500 miljoen om die digitiseringsprojek van Binnelandse Sake aan die gang te sit, waardeur 10 000 jongmense oor drie jaar in diens geneem sal word;
- R118 miljoen vir tussentydse hervestigingskoste en voorbereiding vir die herbouing van die Parlementsgebou.

Agbare Lede, in die huidige finansiële jaar is loononderhandelings in die Koördinerende Bedingingsraad vir die Staatsdiens gevoer. Op 30 Augustus 2022 het die regering ʼn finale aanbod gemaak ná ʼn fasiliteringsproses. Dié aanbod sluit die volgende in:

- Voortsetting van ʼn kontanttoelae vir die huidige finansiële jaar. Dit kom neer op gemiddeld R1 000 per werknemer per maand tot Maart 2023.
- ʼn Pensioendraende verhoging van 3% vir staatsdienswerknemers.

Agbare Speaker, die aanbod wat gemaak is, is in die beste belang van die fiskus en staatsdienswerknemers. Die inwerkingstelling daarvan ondermyn nie die proses van kollektiewe bedinging nie. Ons meen dat die fasiliteringsproses alle partye gehelp het om tot by hierdie punt te kom. Die bestedingsberamings wat ons vandag ter tafel lê, sluit gevolglik hierdie bedrag is.

Hierdie aanbod sal deur middel van die betaalstaatstelsel toegepas word, terugwerkend tot April 2022.

## Bestedingsraamwerk

Agbare Lede, ons begroting vir die volgende drie jaar is gerig op die herstel van dienslewering en op die lê van ʼn grondslag vir hoër groei.

Mediumtermynveranderinge aan bestedingsplanne word hoofsaaklik aangedryf deur die regering se besluit om die spesiale Covid-19-toelae vir Maatskaplike Noodleniging met ʼn jaar te verleng, tot 31 Maart 2024.

Die fiskale raamwerk sluit ook fondse in vir die deurdrakoste van die 2022/23-staatsdiensloonverhogings en vir veiligheid en sekuriteit, infrastruktuurinvestering en dienslewering.

Die Toelae vir Maatskaplike Noodleniging is in Mei 2020 ingestel as ʼn tydelike maatreël in reaksie op die behoeftes van die kwesbaarste lede van die bevolking wat deur die inperkingsmaatreëls geraak is. Dit is sedertdien verskeie male verleng.

Samesprekings oor die toekoms van die toelae duur voort en behels baie moeilike kompromieë en finansieringsbesluite.

Ondanks die voorsiening wat in hierdie begroting gemaak word, wil ek herhaal dat enige permanente verlenging of vervanging permanente toenames in inkomste, vermindering in besteding elders of ʼn kombinasie van die twee sal vereis.

Agbare Speaker, dit is wat met kompromieë bedoel word: om ewewigtig prioriteit aan een saak bo ʼn ander te verleen.

Algeheel word verwag dat die gekonsolideerde staatsbesteding van R2,21 duisend miljard in 2022/23 sal toeneem tot R2,48 duisend miljard in 2025/26, teen ʼn gemiddelde groeikoers van 4

persent.

Die maatskaplike loon, wat altesaam R3,56 duisend miljard oor die volgende drie jaar beloop ofte wel 59,2 persent van die gekonsolideerde nierentebesteding, sal die grootste deel van die begroting uitmaak ter ondersteuning van arm huishoudings en die kwesbaarstes in die samelewing.

Die grootste toewysings is gerig op die sektore onderwys, gesondheid en maatskaplike ontwikkeling.

Daarbenewens sal bestedingstoenames oor die volgende drie jaar geprioriseer word om investering in infrastruktuur te verbeter en die begrotings vir veiligheid en sekuriteit, en die bestryding van korrupsie op te stoot.

Algeheel sal die staat se gekonsolideerde kapitaalbesteding toeneem van R95,1 miljard in 2022/23 tot R145,4 miljard in 2025/26. Dit sluit besteding aan ondernemings in staatsbesit uit.

Ons werk ten nouste met die voorsittende beamptes van die Parlement saam om die Parlementsgebou te restoureer en te herbou. In die mediumtermynbestedingsraamwerk het ons ongeveer R2 miljard toegelaat vir die herbouing van ons Parlementsgebou.

## Verdeling van inkomste en veranderinge in befondsing van plaaslike regering

Agbare Speaker, in die komende jaar sal ons met provinsies en munisipaliteite saamwerk om beduidende vordering in die bereiking van ons ontwikkelingsdoelwitte te bewerkstellig.

Munisipaliteite vorm die lewensomstandighede van ons mense. Hulle moet verseker dat mense toegang tot skoon drinkwater, energie, behuising en sanitasie het.

Tog is verskeie munisipaliteit disfunksioneel en ervaar hulle óf finansiële óf leierskapskrisisse, soos blyk uit ’n algemene onvermoë om dienste te lewer.

Op grond van ’n diagnostiese evaluering van die vermoëboustelsel van plaaslike owerhede koördineer die Nasionale Tesourie samewerking met sleutelbelanghebbers, insluitende die Departement van Samewerkende Regering, SALGA en die provinsies om vermoëboustelsels te ontwerp wat ’n meer geïntegreerde en uitkomsgerigte benadering volg.

Ons stel voor dat, oor die volgende drie jaar, 48,4 persent van die beskikbare nierentebesteding aan nasionale departemente, 41,4 persent aan die provinsies en 10,1 persent aan plaaslike regering toegewys word.

Dit sal provinsies in staat stel om basiese onderwys en gesondheidsdienste, paaie, behuising, maatskaplike ontwikkeling en landbou te ondersteun.

Ons wys ook bykomende fondse toe aan plaaslike regering om basiese dienste gratis aan arm huishoudings te lewer, in ag genome die stygende koste van vry basiese dienste en van grootmaatelektrisiteit en -water.

Die 2023-begrotingsoorsig sal meer besonderhede oor hierdie sake verskaf.

## Hantering van risiko's by ondernemings in staatsbesit

Agbare Speaker, party van ons maatskappye in staatsbesit verteenwoordig kritieke dele van ekonomiese aktiwiteit, veral in vervoer, die ingenieursbedryf en energie.

Hierdie maatskappye behoort selfonderhoudend te wees en tot ekonomiese groei by te dra.

Ongelukkig staan ons voor die situasie dat finansiële swakheid as gevolg van swak leiding en korrupsie in vorige jare nog reggestel moet word.

Indien onvermydelike gebeurtenisse soos die onlangse vloede bowendien infrastruktuur en bates verwoes, stel dit die hele ekonomie in gevaar.

Intussen moet die padnetwerk en hawens funksioneer en kan kritieke projekte nie tot stilstand kom nie.

Terwyl balansstate dus herstel en diegene wat geplunder en hulle aan wanbestuur skuldig gemaak het, tot verantwoording geroep word, ook deur die strafregstelsel, het ons weinig ander keuse as om hierdie sleuteldienste aan die gang te hou.

Ons stel voor dat hoër as verwagte inkomste in die huidige jaar gebruik word om die risiko's wat uit die ondernemings in staatsbesit voortspruit, te verminder.

Hierdie hulpbronne kan nie gebruik word om kernverhogings te befonds nie omdat hulle eenmalig is. As dit op hierdie wyse gebruik word, sal dit ook nie die fiskale tekort vergroot vergeleke met ons bestaande mediumtermynplanne nie.

Finansiële steun aan ondernemings in staatsbesit erken hulle potensiaal om tot ons langtermyngroeivooruitsigte by te dra.

Ons lê derhalwe ŉ Spesiale Begrotingswetsontwerp ter tafel om bykomende fondse aan Denel, Transnet en SANRAL te verskaf. Hierdie toewysings sal dié entiteite in staat stel om hul sakemodelle aan te pas en hulle langtermyn- finansiële lewensvatbaarheid te herstel.

Fiskale steun aan maatskappye in staatsbesit bly ŉ uitdagende balanseertoertjie, gesien al die mededingende prioriteite en beperkte hulpbronne. Befondsing aan die ondernemings in staatsbesit sal nou gekoppel word aan streng voor- en navereistes. Voorvereistes beteken dat ŉ onderneming in staatsbesit aan die vereistes sal moet voldoen voordat hulle staatsteun ontvang, nie agterna nie.

Nievoldoening aan die vereistes beteken geen befondsing nie.

Aan Transnet word R2,9 miljard toegewys om die herindiensstelling van lokomotiewe wat buite werking is, te verseker. Dit sal aangevul word met R2,9 miljard uit bestedingsaanpassings in die

loop van die jaar om die vloedskade te dek wat sy werksaamhede in Ethekwini benadeel het.

Aan Denel word R3,4 miljard toegewys om die vordering te ondersteun wat onlangs gemaak is om die entiteit te stabiliseer.

Hierdie toewysing sal aangevul word met R1,8 miljard deur die verkoop van niekernbates en sal ŉ verbonde bestelboek van R12 miljard ontsluit wat op uitvoering wag.

## SANRAL

Agbare lede, die onsekerheidheid met betrekking tot die Gautengse Deurpadverbeteringsprojek het steeds ŉ groot negatiewe uitwerking op padbou in die land.

Ons moet by die debatte van vorige jare verbybeweeg en oplossings vir hierdie probleem vind.

Om die befondsingsdooiepunt op te los het die Gautengse provinsiale regering ingestem om 30 persent van SANRAL se skuld- en renteverpligtinge te delg, terwyl die nasionale regering 70 persent daarvan dek.

Gauteng sal ook die koste dra van die instandhouding van die 201 kilometer van die paaie en die gepaardgaande wisselaars, en enige bykomende investering in paaie sal óf deur die bestaande elektroniese tol-infrastruktuur óf deur nuwe tolplazas befonds word, of uit enige ander bron van inkomste in hulle verantwoordelikheidsgebied.

Die regering beoog om ŉ aanvanklike toewysing van R23,7 miljard uit die nasionale fiskus te maak, wat op streng voorwaardes uitbetaal sal word.

## ESKOM

Wat Eskom betref, het ons in die loop van minstens ŉ dekade miljarde rande bestee om Eskom te ondersteun, met beperkte verbeteringe in die betroubaarheid van die elektrisiteitsvoorsiening of die finansiële gesondheid van die maatskappy.

Om Eskom se langtermynlewensvatbaarheid te verseker sal die staat ŉ beduidende deel van die nutsmaatskappy se skuld van R400 miljard oorneem.

Hoewel die keuse van die betrokke skuldinstrumente en die wyse waarop die skuldverligting teweeggebring sal word, nog bepaal moet word, sal die kwantum na verwagting tussen ŉ derde en twee derdes van Eskom se huidige skuld beloop.

Die skuldoorname sal, as dit gefinaliseer is, saam met ander hervormings verseker dat Eskom finansieel volhoubaar is.

Die program sal Eskom in staat stel om op aanlegwerkverrigting en kapitaalinvestering te fokus en te verseker dat hy nie meer op staatsreddingsboeie staatmaak nie.

Dit is belangrik om daarop te let dat die program streng voorwaardes sal stel waaraan Eskom en ander belanghebbers voor en tydens die skuldoordrag sal moet voldoen.

Hierdie voorwaardes sal Eskom se strukturele uitdagings die hoof bied deur sy koste te bestuur, deur munisipale en huishoudelike agterstallige betalings wat aan die nutsmaatskappy verskuldig is, te begin invorder, en deur groter duidelikheid en deursigtigheid in tariefprysbepaling te bring.

Daarbenewens sal die voorwaardes medebepaal word deur ŉ onafhanklike evaluering van Eskom se werksaamhede onder leiding van die Tesourie, veral die werkverrigting van al sy kragontwikkelingsaanlegte.

Verdere besonderhede van die program afgerond word ná oorlegpleging met die betrokke belanghebbers en uitleners, en sal in die 2023-begroting bekendgemaak word.

## Modernisering van verkryging

Agbare Speaker, ons werk tans daaraan om ons verkrygingstelsel en finansiële verantwoordingspligtigheid te versterk.

Ons voer ook bestepraktykstelsels vir die verkryging van goedere en dienste in, met inbegrip van die hoogste standaarde van deursigtigheid in tenderprosesse.

Dié modernisering is daarop gemik om die proses in openbare infrastruktuurprojekte te vereenvoudig en vinniger te maak en terselfdertyd die geleentheid vir plundering en korrupsie te verminder.

Ons beoog twee veranderinge aan verkrygingsbestuur:

- Ons beoog om in Maart 2023 ŉ Wetsontwerp op Openbare Verkryging by die Parlement in te dien wat deursigtigheid en integriteit sal versterk en die gebruik van tegnologie sal bevorder ten einde doelmatigheid en doeltreffendheid in openbare verkryging te verbeter.
- Die nuwe Regulasies vir Voorkeurverkryging, 2022, wat die nou ongeldige regulasies van 2017 vervang, word in November 2022 afgekondig en tree op 16 Januarie 2023 in werking. Die regulasies verleen aan staatsorgane die bevoegdheid om hul eie voorkeurverkrygingsbeleid te bepaal binne die bestek van die Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid, 2000.

## Bestryding van misdaad en korrupsie

Vroeër dié week het pres. Cyril Ramaphosa die regering se reaksie op die aanbevelings van die Kommissie van Ondersoek na Staatskaping bekendgemaak.

Hy het die regering verbind tot ŉ nuwe hoofstuk in die stryd teen korrupsie ten einde die hernuwing van ons samelewing aan te help.

Hy het daarop gewys dat die staat eties en korrupsievry moet wees ten einde die behoeftes en belange van die mense na behore te dien.

Die Kommissie het daarop gewys dat as ons dienslewering moontlik wil maak, ons eerlike rekenpligtige beamptes en owerhede wat besluite te goeder trou neem, moet beskerm teen strafregtelike vervolging en siviele gedinge.

Hiervoor sal ons die oudit- en voorkomende beheerstelsels versterk om bestuurders in staat te stel om te bestuur, maar om terselfdertyd meganismes in te stel om hulle verantwoordingspligtig te hou.

Die Kommissie van Ondersoek na Staatskaping het aanbevelings gedoen wat daarop gemik is om die institusionele, bestuurs- en verantwoordingsmeganismes te versterk.

Soos wat met Bain gedoen is, sal ons bestraffende administratiewe stappe doen teen maatskappye en individue wat daadwerklik korrupte en onreëlmatige verkrygingshandelinge vergemaklik het.

Agbare Speaker, misdaad is ʼn veiligheids-, ekonomiese en maatskaplike kwessie. ʼn Veilige omgewing is belangrik vir volle deelname aan die ekonomiese en maatskaplike lewe. Dit maak die bestryding van misdaad ʼn deurslaggewende pilaar van die verbetering van ekonomiese groei.

Talle Suid-Afrikaners lewe in vrees in hulle huise, by hul werkplekke en in plekke van ontspanning.

In reaksie daarop wys ons addisionele fondse toe aan ons veiligheidsmagte vir hulle stryd teen diegene wat ons vrede as ʼn nasie bedreig.

Ons sal die polisie steun om in die volgende drie jaar ʼn bykomende 15 000 rekrute te werf.

## Vermyding van plasing op die gryslys van die Finansiële Aksietaakmag

Agbare lede, ons doen alles wat nodig is om te voorkom dat ons geplaas word op die gryslys van die Finansiële Aksietaakmag (FATF), die internasionale standaardeliggaam wat wêreldwye nakoming van die reëls ter bestryding van geldwassery kontroleer.

Ons het reeds twee wetsontwerpe in die Parlement ter tafel gelê wat die regstelling van swakhede in ons regsraamwerk ten doel het.

Die wetsontwerpe sal na verwagting teen die einde van die jaar verorden wees.

Dit sal ʼn belangrike stap wees ter nakoming van die 40 aanbevelings wat die FATF gedoen het.

Ons moet ook wette wat geldwassery en korrupsie bestry, doeltreffender toepas.

Investering in vermoëbou by ons regulatoriese en toepassingsinstellings lewer reeds positiewe

resultate. Dit sluit die volgende in:

- Die Ondersoekdirektoraat van die Nasionale Vervolgingsgesag het 26 nuwe sake ter rolle geplaas, 89 ondersoeke aangekondig en 165 beskuldigdes voor die hof gebring weens beweerde staatskapingverwante misdrywe.

- Die Batebeslagleggingseenheid het R12,9 miljard laat bevries of batebewaringsbevele daarteen toegestaan, en R2,9 miljard aan geaffekteerde entiteite terugbesorg

- Die Spesiale Ondersoekeenheid het vier Hooggeregshof-sake ingestel in verband met kontrakte ter waarde van R62,1 miljard.

- SAID-ondersoeke wat uit die Kommissie se bevindings en getuienis voortgespruit het, het gelei tot die invordering van onbetaalde belasting ten bedrae van R4,8 miljard. Die SAID is tans besig met 18 projekte waarby 222 sake betrokke is. Elf van daardie sake behels aanbevelings wat uitdruklik vir uitvoering aan die SAID gerig is en agt is afgehandel; die ander word tans nog ondersoek.

Hierdie 2022-MTBBV stel bykomende hulpbronne voor vir die begrotings van die Nasionale Vervolgingsgesag, die Spesiale Ondersoekeenheid, die Finansiële Intelligensiesentrum en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens ten einde die vermoë van die staat te verbeter om gesofistikeerde finansiële misdade te ondersoek en vervolgings voort te sit.

Verder sal die staat ook ŉ hersiene nasionale risikobeoordelingstrategie oor teengeldwassery- en terreurfinansieringsmaatreëls publiseer.

## Slot

Agbare Speaker, ek sluit af deur te herhaal wat ek aan die begin gesê het: ons demokratiese ideale sal gedy en in stand gehou word deur ŉ groeiende en inklusiewe ekonomie.

Ons kan nie die verband tussen demokrasie en die ekonomie ignoreer nie, en ook nie dié tussen politiek en ongelykheid nie.

Ons is gelukkig om ŉ regs- en beleidsraamwerk te hê wat deur ŉ politieke visie gerugsteun word, wat ons in staat stel om die ekonomiese omstandighede van ons mense te verander en uitvoering aan die belofte van demokrasie te gee.

Hierdie MTBBV herinner ons daaraan dat dit dringend nodig is om die hervorming van ons ekonomie op ŉ konsekwente manier na te jaag, gedagtig aan die vryheid van ons mense.

Ons moet nie die verband wat oudpres. Nelson Mandela en talle ander leiers ná hom tussen ŉ florerende ekonomie en ŉ billike en regverdige samelewing ligtelik afmaak nie. Dit is ŉ goue draad wat deur ons Grondwet en deur hierdie Mediumtermyn-begrotingsbeleidsverklaring loop. Ons moet hierdie doel voor oë hou, soos ook die balanseertoertjie wat dit van ons in die uitvoering van ons werk verg.

Agbare Speaker, ek is dankbaar teenoor die President en Adjunkpresident vir hulle steun en leiding. Ek bedank ook die Adjunkminister van Finansies en die span van die Nasionale Tesourie onder leiding van die waarnemende Direkteur-generaal.

My opregte dank gaan ook aan die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens en die President van die Reserwebank.

Ek wil ook my kollegas in die Ministerskomitee oor die Begroting en in die Begrotingsraad bedank wat die las van moeilike besluite wat geneem moes word, help dra het. Aan die Parlementêre Komitees oor Finansies en Bewilligings dra ek eweneens my opregte waardering oor.

Ten slotte bedank ek elke Suid-Afrikaner. Ons dien soos dit u behaag. Ek dank u.